

Volle Gestalte

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B302A

Skriflesing uit: Ef. 4: 1- 16

Kernvers: 13 –‘totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.’

Die Here verlang dat daar ‘n gedurige groei na volmaaktheid moet wees in Sy kinders se lewens. Sy einddoel met elkeen van ons is volwassenheid en dit is na die mate van die gestalte van Jesus Christus onse Here.

Vir te lank het die Christen vir homself sekere dinge gestel wat hy bewonder maar wat hy reken dat hy nooit kan bereik nie. Soos groot predikers, evangeliste, profete; die apostels en Jesus self! Wat groot en magtige dinge gedoen het – uitstaande persoonlikhede. Ons praat van die Here Jesus toe Hy op aarde was, maar dan voel ons dit was so onbereikbaar en ons voel so onwaardig.

Dan sê ons soos die Engelse sê: we have settled for less. Nee geliefdes, God se doelwit wat Hy vir ons gestel het en die middele daartoe, die kosbare bloed van onse Here Jesus, Sy reddingskrag, die krag van die Heilige Gees en die bedieningsgawes om ons te bring op die plek wat God vir ons bestem het.

Totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Jesus Christus. Soos ‘n ou babatjie in sy ouers se oë, hulle kyk uit na daardie dag wat hy sal opgroei tot ‘n volwasse mens wat sy plek in die lewe kan volstaan.

En so is daar vir ons, die kinders van God bepaal dat ons sal opgroei tot volle volwassenheid – volle gestalte in Christus Jesus. Dat ons waarlik kinders van ons Vader sal wees, saam met ons ouer broer Jesus wat gekom het juis om hierdie gekraakte, gevalle beeld te herstel en op te rig in die familie van God.

Moenie toelaat dat die duiwel vir u sê: dis te ver, dis te onbereikbaar nie. Glo wat God sê en praat wat Hy praat, dan sal u dit bereik wat God vir u bestem het. Die herstel van die mens in die beeld van God!